



3 van 2026

NUUSBRIEF

Vrede Skool 2-Weeklikse Inligting

Nóg 'n Toekenning vir Vrede Skool!

Op Vrydag 20 Februarie is Vrede Skool weer uitgenooi na 'n "Well Done" Funksie by die Bluegumbosch Stadium Hall in Qwa Qwa wat hierdie keer aangebied is deur die Thabo Mofutsanyana Distrik van die Departement van Onderwys.

Skole vanuit ons distrik wat goed presteer het in die 2025 Matriekuitslae is genooi. Daar is verskillende kategorieë as volg:

Cloud 9 Achievement (100% slaagsyfer en 60% bo Bachelors)

Platinum Achievement (95% slaagsyfer en 55% en bo Bachelors)

Gold Achievement (92% slaagsyfer en 50% en bo Bachelors)

Silver Achievement (90% slaagsyfer en 40% en bo Bachelors)

Vrede Skool het die groot eer ontvang om 7de plek te behaal in die Cloud 9 kategorie. Slegs 8 skole in die distrik het hierdie kategorie behaal. Dit is 'n besondere voorreg om hierdie toekenning te ontvang en ons is weereens baie dankbaar daarvoor.



WENSPAN!



Vrede Skool se EERSTE KRIEKETSPAN tree as winners van die Oos-Vrystaat Liga uit na hul Witteberg B in die finaal geklop het met 67 lopies op Maandag 23 Februarie in 'n wedstryd wat op ons tuisveld plaasgevind het.

Die span het 'n besonderse goeie seisoen gehad waar hulle net een van hul wedstryde verloor het. Hulle het hul harte uitgespeel en ons is **BAIE TROTS OP HULLE!!**

GEEN-SELFOONBELEID



Vrede Skool het 'n streng geen-selfoonbeleid. Hoekom? Omdat u kind se ontwikkeling vir ons belangrik is. Ons wil afleiding beperk en die fokus plaas waar dit hoort - in die klaskamer, op leer en op mekaar. Onderwys is ons top prioriteit.

Leerders word vriendelik versoek om hul selfone by die huis/koshuis te los. Leerders wat aan buitemuurse aktiwiteite deelneem, mag hul selfoon voor skool begin by die skoolkantoor inhandig. Alle selfone moet duidelik gemerk wees. Selfone sal veilig gestoor word en na skool afgehaal word.

Dankie vir u samewerking en ondersteuning. Ons bou graag aan waardes wat leer bevorder en verhoudings versterk.

Vrede Skool

2-WEEK VOORUITSIG

Maart 2026

- 4de – OVS o/12 hokkie-proewe
- ATKV Ma en Dogter aand
- 5/6de – HA VS atletiek
- 7de – LA VS atletiek
- 12de – SAMO Ronde 1
- Fotodag: Individueel en Klas
- 14de – VKB 10-skole te Heilbron (o/6 – o/18
- rugby, netbal en hokkie)

**datums onderhewing aan
verandering**

Versaarsdae



- 1ste – Juf. Monica Linde
 - Marcus du Preez (graad 10)
 - Ivan Els (graad 1)
- 3de – Michael Penman (graad RRR)
- 5de – Penny Mitchell (graad 12)
 - Albert Venter (graad 8)
- 6de – Emmet Stemmet (graad 2)
 - Max Mandig (graad 1)
 - RC Potgieter (graad 3)
- 7de – Jana Geldenhuys (graad 7)
- 11de – Andries Greyling (graad 6)
 - Mohawu Mbele (graad R)
- 12de – Sebastiaan Hepburn (graad 11)
 - Ella Odendaal (graad 10)
 - Zandri Botha (graad RR)
- 15de – Luan Odendaal (graad 4)
 - Karien Pretorius (graad 10)
 - Lian van Eeden (graad 9)
 - Avah Kotze (graad RRRR)

VREDE SKOOL ATKV BIED AAN

VROUE KUNS

WOENSDAG 4 MAART 2026
TYD : 17:00 vir 17:30

**DAGBOEK
DIE DATUM**

KOSTE:
R150.00 PP
BEPERKTE KAARTJIES
BESIKBAAR

BRING EIE VERF KWASTE
& 'N POTLOOD

SANITÊRE PRODUKTE
DONASIES SAL WAARDEER WORD

KOEK / KOFFIE / TEE / WYN

Geld kan by die skool kantoor
inbetaal word of in die skool se
rekening (Naam & Van- Vroue kuns)
as verwysing

HOËRSKOOLO VREDE
BANK : FNB - VREDE
REK NO : 62017787013

Navrae Juf Mia: 078 488 0909 & Erna: 082 878 2888

Heilbron Atletiek

Vrede Skool het op 14 Februarie aan 'n vriendskaplike atletiekbyeenkoms gaan deelneem op uitnodiging van Heilbron Gekombineerde Skool.

'n Klein groepie van ons atlete en vergesel deur Juf. Monica Linde, Juf. Janie Pretorius en Juf. Gerné Potgieter het gaan deelneem. Dit was 'n heerlike ontspanne dag en die atlete het baie goed gevaar in hul onderskeie items.





Redenaars

Op Dinsdag 17 Februarie het Vrede Skool se redenaars die verhoog vuurwarm gepraat met hul redeneringstoesprake.

Vir die eerste keer in 'n paar jaar het die skool weer 'n hele klomp nuwe redenaars by ons jaarlikse skoolredenaarsaand verwelkom.

Dit was veral heerlik om so baie van ons graad 1-3 gesiggies op die verhoog te sien. Elkeen van die sprekers het die gehoor ordentlik aan die lippe laat hang met hul goed voorbereide toesprake. Die selfvertroue wat elkeen uitgestraal was ook opvallend. Dit vat baie moed om voor 'n gehoor op die verhoog te praat en elkeen van die sprekers het hul baie goed van hul taak gekwyd.

Ons wens die volgende sprekers baie geluk wat as weners uitgetree het:

Graad 1-3:

- 1ste - Marelé van der Watt (graad 2)
- 2de - Christi Venter (graad 2)
- 3de - Max Mandig (graad 1)



Graad 4-7:

- 1ste - Rebecca Mitchell (graad 6)
- 2de - Janél Klemp (graad 6)
- 3de - Elné Badenhorst (graad 5)
 - Mia Meyer (graad 5)
 - Ruvan Prinsloo (graad 6)

Graad 8-12:

- 1ste - Ella Odendaal (graad 10)
- 2de - Anriëtte Janse van Rensburg (graad 9)
- 3de - Rouxlé van Staden (graad 9)



Die eerste ronde van die ATKV Redenaarskompetisie vind plaas op 22 en 23 April 2026 in Bethlehem by Witteberg Hoërskool. Ons wens elkeen wat verder gaan deelneem baie sterkte toe!

Atletiek Nitslae

Die Hoërafdeling se atlete wat deurgedring het na die Oos-Vrystaat byeenkoms in Bethlehem het op Vrydag 20 Februarie aan die TBM byeenkoms op Goble Park gaan deelneem.

Die volgende atlete het gekwalifiseer om aan die Vrystaat byeenkoms deel te neem in Maart:

Inneke Heyns
Ansuri Zietsman
Hartman Corver
De Wet Portwig
Anriëtte Janse van Rensburg
Ella Odendaal
Martino Kruger
Tiana Els
Albie Swart
Henro Kotze
Hilein Fourie
Andrea Greyling
Neels Greyling

Ons wens ook die Laerafdeling se atlete baie sterkte toe wat op Saterdag 28 Februarie aan die TBM byeenkoms gaan deelneem.

Belangrike Datums vir Atletiek:

5/6 Mrt - HA VS byeenkoms te Bloemfontein

7 Mrt - LA VS byeenkoms te Sasolburg

19-21 Mrt - LA SA's

**LANDLOOP**

Oefening begin 2 Maart

Navrae: Juf. Monica Linde tel: 0761859572

OEFENTY

Maandae, Dinsdae en
Donderdae
16:00 - 16:30





27 Februarie 2026

**Baies Geluk!**



**gekies vir die
O/18 Oos-Vrystaat Platteland
Hokkiespan**

**Baies Geluk!**



**gekies vir die
O/16 Oos-Vrystaat Platteland
Hokkiespan**

**Baies Geluk!**



**gekies vir die
O/14 Oos-Vrystaat Platteland
Hokkiespan**



Die **ATKV VREDE VONK** tak het onlangs 'n pragtuin kompetisie geloots waar al die mense met groen vingers in die dorp en op omliggende plase hul pragtuine kon inskryf om te kyk wie die mooiste tuin het. Die kompetisie het op 25 Februarie plaasgevind.

Baie dankie aan elke finalis wat ingeskryf het en ons met ope arms in jul tuine verwelkom het. Baie dankie ook aan ons drie beoordelaars, Juf. Cheryl van Reenen, Juf. El-Freda Ungerer en Juf. Annelie Smith.

Die beoordelaars het besluit om wenner in verskillende kategorië te kies aangesien al die tuine so mooi was.

Die uitslae is soos volg:

Vrolikste & Kleurvolste Tuin – Avondvrede (Lushof)

Vetplant Paradys – Gerty Fourie (Kraaines)

Mooiste Klein Tuin – Jane van Zyl



Gelukspak Tuin – Sonto Neethling

Hemelse Rustigheid – Janine Cairncross

Klasieke Plaastuin – Alda Janse van Rensburg (Driekoppen Tuin)

Plaas-Prag – Celia Cloete

Ons sien uit om volgende jaar weer in al die Vrede tuine te kom kuier!



Melktert Dag

Vrede Skool vier melkterttag in volle ywer! 'n Mooi totaal van 324 melkertjies is bestel.

Ons wil baie graag vir Louise Otto van Eureka bedank vir die groot skenking van 50l melk vir die melkertjies. Dit word opreg waadeer!

Dankie ook aan Juf. Gerné Potgieter wat gehelp het met bestellings neem en aflewering van al die melkertjies by besighede in die dorp. Ons waardeer jou hulp.

Die winste van die bestellings gaan gebruik word vir die opknapping van die geriewe in die ontvangsarea by die skoolkantoor.



Netbal

Baie Sterkte! Aan ons o/13 netbalspan wat van 27 - 29 Februarie hul netbaltoer te Raloka Lodge naby Brits gaan bywoon. Ons weet sommer die spannetjie gaan dit baie geniet en ook baie gaan leer tydens die toer sodat hulle hul seisoen met ywer kan aanpak.



27 Februarie 2026

LEKKER BRAAIHOUT
Bestel vroegtydig by
skoolkantoor

KAMEELDORING
UIT NAMIBIë

R100 / 20KG

Whatsapp: 079 301 2277

NETBALKLINIEK

aangebied deur
Melinda de Goede van Milnet

20 EN 21 MAART 2026
VIR O/6 - O/13 SPELERS

Koste: R260/speler
heerlike pret terwyl hulle leer!

Vir Navrae: Juf. Chantelle Prinsloo 073 319 5547

*Vrede Skool
bied aan*

Steve Hofmeyr

*Dagboek
die datum*

**29
Mei
2026**

058 913 1003

hsvrede@internet-sa.co.za

22 Reyneke Straat, Vrede, 9835



STAP 1 Registreer aanlyn op www.myschool.co.za

STAP 2 Kies "Vrede Hoërskool" as begunstigde skool

STAP 3 Swaai jou MySchool kaart met elke transaksie by Woolies

WANT ELKE BIETJIE MAAK 'N VERSKIL!



Woolworths het 25 jaar gelede 'n program gelooft om skole te help om 'n ekstra inkomste te genereer. Die program, **MySchool My Village My Planet**, laat toe dat elke ouer of lid van die gemeenskap die geleentheid gebied word om die skool van jou keuse as begunstigde te nomineer en 'n klein persentasie van elke transaksie word dan aan die skool gegee.

Elkeen van ons het al een of ander tyd by Woolworths iets gekoop. Sommige van ons koop op 'n gereelde basis by die winkel. Elke transaksie kan vir Vrede Skool iets beteken ongeag hoe klein.

Al wat jy moet doen is om die stappe links te volg en te registreer. Jy sal 'n kaart ontvang wat jy met elke transaksie by Woolworths swaai. Dis so eenvoudig soos dit om jou skool te help! Registrasie is gratis!

GEBRUIK VAN JP SPORTSENTRUM

Dit is onder die skool se aandag gebring dat daar leerders is wat die Johann Portwig Sportsentrum gebruik sonder die teenwoordigheid van hul afrigter.

Soos genoem in die begrotingsvergadering betaal die skool vir die gebruik van die sportsentrum se fasiliteite met die voorwaarde dat alle leerders slegs die fasiliteite sal gebruik onder toesig en vergesel deur die leerder of span se afrigter of tydens LO periodes saam met hul onderwyser.

Leerders wat in hul eie tyd die sportsentrum wil gebruik moet steeds die sentrum se ledefooie betaal.

Ons vra dat ouers en leerders asseblief hul samewerking sal gee in die verband.

Elke Woensdag by Kofjé
14:15 - 15:00

vanaf 21 Januarie

Bring eie skaakstel as jy een het

SAVE THE DATE

VREDE CONGSKIET

12 SEPTEMBER 2026

KONTAK: FIELIES GELDENHUYS VIR NAVRAE TEL: 082 850 7446

Belangrike Datums vir Skaak:

- 7 Mrt – SACSSA aanlyn toernooi
- 21 Mrt – SACSSA kompetisie vir beginners



HA Koor oefentye
Maandag 13:30 – 14:30



058 913 1003

hsvrede@internet-sa.co.za

22 Reyneke Straat, Vrede, 9835



VREDE SKOOL

Vrede Gekombineerde Skool

Reynekestraat 22 | Privaatsak X7 | VREDE, 9835



058 913 1003 | 058 913 2332



hsvrede@internet-sa.co.za



www.vredeskool.co.za



VREDE SKOOL



#VREDESKOOL

VAKANTE POS

Woelie Woeps Assistentpos

- Kleuterskoolassistent (Multi-graad)
- Onderrigtaal: Afrikaans

MINIMUM VEREISTES:

Ons kleuterskool soek 'n liefdevolle, geduldige en betroubare assistent om te werk met 3-6 jariges.

Ons soek iemand wat:

- Lief is vir kinders.
- Altyd positief is.
- Vol energie en verantwoordelik is.
- Christelike waardes het.
- Afrikaansspreekend is.

Addisionele verpligtinge:

- Buitemuurse aktiwiteite by Vrede Skool

Aansoek dokumentasie:

- Volledige CV en ID
- Geldige bestuurslisensie



Sluitingsdatum vir
aansoek:
10 Maart 2026

Aanstellingsdatum:
7 April 2026

Wat maak ons
anders?

Ons

**Mik
Hoog!**

Stuur jou CV en
Mik Hoog saam
die Vrede Skool
familie.



SUBSCRIBE



volg ons op
Instagram



besoek gerus ons
nuwe webwerf



Volg VREDE SKOOL
op Facebook



058 913 1003



hsvrede@internet-sa.co.za



22 Reyneke Straat, Vrede, 9835

**VIVA
TAALWENK**

'n Paar Afrikaanse woorde wat dikwels verkeerd gespel word:

avokado of avokadopeer
bakkery | galery
burgemeester
handdoek | vadoek
komitee | kommissie
onmiddellik
om verskoning vra
op pad | huis toe

Bron(ne): 2017-AWS

**VIVA
TAALWENK**

tripel vs. trippel

tripel (b.nw. en bw.)
drievoudig, driedubbel; drie maal, drie keer.
Dit is tripel die bedrag wat sy skuld.
Skakel een nul tripel een in 'n noodgeval.

trippel (ww.)
vinnig, met kort treetjies (hard)loop;
vinnig op een plek rondtrap.
Die twee seuntjies trippel sorgeloos om ons.
Hy staan ongeduldig voor die deur en trippel.
Die perde galop en trippel.

Bron(ne): AWS; EWA; HAT; Pharos aanlyn;
VAW; WAT

Vrede Vanuit Die kantoor

Geagte Ouers, Voogde, Leerders en Personeel,

As ons so terugkyk na al die prestasies en die aktiwiteite van hierdie kwartaal, dan besef 'n mens net weereens met dankbaarheid: ons skool is uniek omdat ons mense uniek is. Ons personeel wat bereid is om die ekstra myl te loop. Ons ouers wat ondersteun en vertrou. Ons leerders wat waag om te droom. Hierdie unieke skoolgemeenskap skep 'n ruimte waar jong mense veilig voel om hulself te ontdek en sterk genoeg word, om hul plek in die wêreld vol vertroue in te neem.

In hierdie uitgawe is daar net weereens soveel pragtige verslae van ons skool se deelname aan aktiwiteite en hoogtepunte en ek wil graag 'n oomblik neem om trots en dankbaarheid uit te spreek oor ons skoolgemeenskap se prestasies en toewyding.

Vrede Skool is 'n Afrikaanse Gekombineerde Kleinskool in die platteland. In 'n tyd waar onderwys dikwels geruduseer word tot statistiek en ranglyste, moet ons onthou dat 'n skool in wese 'n gemeenskap is. Dit is 'n plek waar verhoudings gebou word, waar mentorskap plaasvind, waar jonmense leer om verantwoordelikheid te neem – vir hul werk, hul woorde en hul drome.

Mag ons nooit die voorreg onderskat om deel te wees van hierdie besonderse Vrede Skool-gemeenskap nie. Mag ons aanhou bou aan 'n skool waar elke kind gesien word, geleentheid gegun word, elke talent ontwikkel word en elke droom waarlik gekoester en uitgeleef word.

Die besige kwartaalprogram leer ons kinders belangrike lewensvaardighede: dissipline, tydsbestuur, spanwerk en deursettingsvermoë. Dit is juis hierdie gebalanseerde ontwikkeling wat ons skoolgemeenskap sterk maak.

Mag ons as skool voortgaan om te bou op die stewige fondament wat gelê is – akademies, sport en kultureel. Laat ons mekaar ondersteun, aanmoedig en saamwerk om elke leerder die geleentheid te gee om sy of haar volle potensiaal te bereik.

Mag hierdie kwartaal verder gekenmerk word deur fokus, positiewe gesindheid en trots in alles wat ons aanpak.

Met waardering en hoop, mik hoog.

Mnr C Smith
Skoolhoof

R2200 VIR KINDERS MET KANKER

Vrede Skool het tydens Flip Flop dag op 20 Februarie R2200 ingesamel vir die CHOC Fondasie wat kinders met kanker ondersteun.

Dankie aan Anette Beukes vir haar insette in die organisering van die projek. Dis 'n groot voorreg om deel daarvan te kan wees.



Baie Dankie aan
VKB Fuels wat
die beste
herwinnaar in
Januarie was.
Ons waardeer
jul
ondersteuning!

2026 VKB RUGBYWEKE

SAVE THE DATE



VREDE:

26-28 MAART 2026



vir die **LIEFDE** van die **LAND**

   www.vkb.co.za

vkb

"As iets belangrik genoeg is, selfs al is die kanse teen jou, moet jy dit steeds doen."